MM 30

HUMANITAS
RGN • HSRC

# werkgeleenthede in die grensgebiede naby die tswanatuisland

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068 HSRC
MM 30

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC MM 30

Registernr./No. 21973/8

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

W.P. 809 7/69

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

**Funksie van die RGN**

**Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.**

21973/8

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

Besorg asseblief hierdie publikasie terug of doen aansoek om verlenging van die leentermyn **voor** die laaste datum hieronder gestempel.

Please return this publication or apply for an extension of the loan period **before** the last date stamped below.

17. 9. 74
IBL. 11/12/74
-9 MAY 1975
10. 3. 7
22 APR 1977
29. 4. 77
23. 2. 79
13. 4. 79
. 79
1980 -04- 30
80 9. 30
1983 -03-

N DIE GRENSGEBIEDE
)IE TSWANATUISLAND

P. HARTMAN, B.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

000042221 2
2844363866

PRETORIA

1972

S Durrant & Viljoen, Pta

001.3072068 HSRC MM 30
*042221*

Verslag nr. MM-30

Prys 70c

Kopiereg voorbehou

Slegs in Afrikaans beskikbaar

ISBN 0 86965 046 7

## VOORWOORD

Betroubare gegewens oor werkgeleenthede in die grensgebiednywerhede is vir beplanningsdoeleindes belangrik. Baie van die nywerhede is naby Bantoe=tuislande geleë en gegewens oor beroepsverspreiding en kwalifikasievereistes van werkgeleenthede kan rigtinggewend wees vir nywerheidsontwikkeling in die tuislande self. Verder kan die gegewens gebruik word as maatstaf vir die vordering wat met die beleid van nywerheidsdesentralisasie gemaak is.

Opnames van werkgeleenthede in al die grensgebiede is gedurende 1970 en 1971 gedoen. Dit sal lei tot 5 verskillende verslae. Die indeling is gedoen op die basis van 'n groepering van grensgebiede wat elk naby een of ander tuis=land geleë is. Hierdie verslag handel oor werkgeleenthede in die grensgebie=de wat naby die Tswanatuislande geleë is, insluitende Rosslyn waaroor 'n af=sonderlike verslag reeds verskyn het maar volledigheidshalwe in hierdie ver=slag weer behandel word. Die volgende verslae sal handel oor die werkge=leenthede in die grensgebiede geleë naby die volgende tuislande: Transkei en Ciskei, Noord-Sothotuislande, Oos-Transvaalse tuislande en Natalse tuislande.

'n Hartlike woord van dank aan die Departement van Beplanning wat 'n lys van gebiede wat as grensgebiede beskou word, beskikbaar gestel het, en aan al die nyweraars wat inligting verskaf het.

P R E S I D E N T

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

2 - 1974

STANDKODE 01.30720168 H.S.R.C

BESTELNOMMER Admin.

REGISTERNOMMER MM 30 21973/8

8

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Omskrywing van begrippe | 2 |
| 1.3 | Metode | 2 |
| 2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 2 |
| 2.1 | Werkgeleenthede volgens nywerheidsektor en bevolkingsgroep | 3 |
| 2.2 | Werkgeleenthede volgens distrikte en nywerheidsektor | 4 |
| 2.3 | Grootte van nywerhede in terme van werkgeleenthede | 4 |
| 3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 6 |
| 3.1 | Werkgeleenthede volgens beroepsgroep en bevolkingsgroep | 7 |
| 3.2 | Mannekragtekorte | 8 |
| 3.3 | Gevulde poste volgens beroepsgroep, bevolkingsgroep en geslag | 9 |
| 3.4 | Werkgeleenthede volgens beroepsgroep en nywerheidsektor | 10 |
| 4 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE | 10 |
| 4.1 | Werkgeleenthede volgens kwalifikasievereiste en bevolkingsgroep | 10 |
| 4.2 | Werkgeleenthede volgens kwalifikasievereiste en beroepsgroep | 12 |
| 5 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE | 13 |
| 5.1 | Groei in werkgeleenthede vir die tydperk 1969 tot 1970 | 14 |
| 5.2 | Verwagte groei in werkgeleenthede volgens nywerheidsektor vir die tydperk 1971-1973 | 15 |
| 5.3 | Verwagte groei in werkgeleenthede volgens beroepsgroep en bevolkings=groep | 16 |
| 5.4 | Verwagte vermeerdering van werkgeleenthede volgens kwalifikasiever=eiste en bevolkingsgroep | 17 |
| 6 | SAMEVATTING | 18 |
| | LITERATUURLYS | 19 |
| | BYLAE : VRAELYS | 20 |

TABELLE


| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | KLASSIFIKASIE VAN NYWERHEIDSEKTORE EN AKTIWITEITE VAN ONDERNEMINGS | 3 |
| 2.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP | 4 |
| 2.3 | GETAL WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIKTE, NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOL= KINGSGROEP | 5 |
| 2.4 | GROOTTE VAN NYWERHEDE IN TERME VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWER= HEIDSEKTOR | 5 |
| 3.1 | BEROEPE AANGETREF IN DIE TSWANAGRENSGEBIEDE VOLGENS BEROEPSGROEP | 6 |
| 3.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP | 7 |
| 3.3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, GEVULDE EN ONGEVULDE POSTE | 8 |
| 3.4 | GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG | 9 |
| 3.5 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR | 11 |
| 4.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEVOLKINGSGROEP | 12 |
| 4.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEROEPSGROEP | 13 |
| 5.1 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGS= GROEP (1969-1970) | 14 |
| 5.2 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR (1971-1973) | 15 |
| 5.3 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOL= KINGSGROEP (1971-1973) | 16 |
| 5.4 | VERWAGTE VERMEERDERING VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVER= EISTE EN BEVOLKINGSGROEP | 17 |

# 1 INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Amptelik het Suid-Afrika se beleid om nywerhede op die grense tussen Blanke en Bantoegebiede te vestig, in 1960 sy beslag gekry deurdat sekere toegewings aan nyweraars ten opsigte van byvoorbeeld vervoerrebatte in goed=gekeurde gebiede aangekondig is. Dr. H.F. Verwoerd het die aangeleentheid eg=ter reeds in 1950 in 'n toespraak genoem (1, bl. 1).

Die beleid is aanvanklik gemik op die skepping van werkgeleenthede vir Bantoe in die tuislande en die stimulering van ontwikkeling in die tuislande self. Algaande het egter 'n verbreding van die doelwitte ingetree. Die Voor=sitter van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging (nou die Desentra=lisasieraad) verklaar in 'n toespraak dat dit nou gestel kan word "that the policy of industrial decentralisation is no longer applicable to the peripher=ies of the Bantu homelands only"... (1, bl. 8). Die beleid kan dus vandag as 'n beleid van nywerheidsdesentralisasie beskou word. Volgens die 1969-jaar=verslag van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging val die klem egter nog steeds op werkverskaffing aan die Bantoe.

Een van die eerste verklaarde grensgebiede was Rosslyn (digby Pretoria) wat naby die Tswanatuisland geleë is. In 1963 is begin met die oprigting van nywerhede in die gebied. Die keuse het blykbaar om goeie redes op Ross=lyn geval, soos blyk uit die volgende : "The initial development took place where the chances of success were greatest, namely close to the market, which still remains one of the most important single factors in industrial location" (1, bl. 6). Die genoemde jaarverslag meld egter ook dat ander grensgebiede naby die Tswanatuisland, te wete Brits, Rustenburg, Zeerust, De=lareyville en Mafeking noukeurige aandag kry.

Vir die beplanning van die verdere ontwikkeling van die grensgebiede in die lig van gestelde doelstellings, blyk betroubare gegewens oor werkgeleent=hede noodsaaklik te wees. Die beplanners moet weet hoe daar gevorder word met die skepping van nuwe werkgeleenthede en watter opleiding of onderwysbe=hoeftes moontlik daaruit voortspruit. Hierdie verslag handel oor 'n ondersoek in verband met die werkgeleenthede in die grensgebiede wat aan die Tswanatuis=land grens. Die Tswanatuisland strek vanaf Kuruman, die mees suidelike punt, tot naby Groblersdal in Transvaal. Die tuisland is nie aaneenlopend nie, maar bestaan uit 5 groot losstaande eenhede met enkele kleinere eenhede in die aangrensende Blanke distrikte. Die Permanente Komitee beskou die volgende distrikte en/of nywerheidsgebiede as grensgebiede: Rosslyn, Brits, Rustenburg, Thabazimbi, Marico (insluitend Zeerust), Lichtenburg, Delareyville, Vryburg, Taung (Hartswater en Jan Kempdorp), Mafeking en Kuruman. Hoewel die Thaba'Nchu grensgebied etnies by die Tswanagrensgebiede hoort, sal dit weens geografiese ligging by die Oos-Kaaplandse grensgebiede ingesluit word. Aan al hierdie ge=biede word nie dieselfde prioriteite verleen ten opsigte van die fisiese ge=reedmaking van die gebiede vir nywerheidsgroei nie. In die witskrif oor de=sentralisasie (5) word Brits, Rustenburg, Mafeking en Zeerust tans uitgesonder.

Hierdie verslag is die tweede in 'n reeks wat oor die werkgeleenthede in die grensgebiednywerhede handel. Dit sluit al die grensgebiede aangrensende aan die Tswanatuisland in. Slegs die sekondêre nywerhede is vir die doel van die verslag in ag geneem. Die gegewens wat in die vorige verslag oor die Rosslynse Nywerheidsgebied ('n Tswanagebied) vervat is, word by hierdie verslag ingesluit.

Die doel van die ondersoek is om met betrekking tot grensgebiede van die Tswanatuisland -

(a) die werkgeleenthede soos dit tans (1970) in die sekondêre nywerhede bestaan, te bepaal;

(b) die tuekomstige vraag na arbeid in die sekondêre nywerhede te bepaal, indien moontlik;

(c) die vereiste kwalifikasies en opleiding vir die onderskeie beroepe soos deur die werkgewers verlang, vas te stel.

Vervolgens sal in hierdie verslag kortliks na die sekondêre nywerhede as nywerhede verwys word.

1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die omskrywing van enkele begrippe is duidelikheidshalwe nodig.

1.2.1 Werkgeleenthede

Vir die doel van die verslag word werkgeleenthede beskou as bestaande uit -

(a) gevulde poste, dit wil sê die aantal werknemers en werkgewers wat self werk, plus

(b) ongevulde poste, dit wil sê die aantal werknemers wat onmiddellik bykomend tot die gevulde poste, in diens geneem kan word.

Omdat daar slegs 144 (0,9%) werkgeleenthede vir Kleurlinge en Asiate is, word Bantoes, Kleurlinge en Asiate in dié verslag saam onder Nie-Blank ge= groepeer.

Die totale in die persentasiekolomme is as gevolg van afronding nie altyd presies 100,0 nie, en word deurgaans in die verslag as 100 aangegee.

1.2.2 Grensgebiede, grensnywerheidsgebied en grensgebiednywerheid

Vir die doeleindes van hierdie studie word die gebiede wat as sodanig deur die Departement van Beplanning aangedui word, as grensgebiede beskou. Soms bestaan die gebiede uit hele landdrosdistrikte en in ander gevalle uit 'n sekere deel van 'n landdrosdistrik.

In hierdie grensgebiede kom nywerhede voor. Hierdie nywerhede word grensgebiednywerhede genoem. In sommige van die grensgebiede word geprokla= meerde nywerheidsgebiede aangetref. Hierdie geproklameerde nywerheidsgebiede (waarvan die nywerheidsgebied van Rosslyn 'n voorbeeld is) word as grensnywer= heidsgebiede beskryf.

Vervolgens sal in hierdie verslag kortliks na die grensgebiede van die Tswanatuisland as Tswanagrensgebiede verwys word.

1.3 METODE

'n Lys van grensgebieddistrikte is van die Permanente Komitee vir Nywer= heidsvestiging verkry. Alle dorpsname wat in die grensgebieddistrikte voor= kom, is vooraf vasgestel. Vir die opsporing van nywerhede is al hierdie plaas= like besture besoek om te verneem na nywerhede wat binne hul beheerde gebied asook in die omliggende distrik, voorkom. In die opsporing van nywerhede in die distrikte het die Suid-Afrikaanse Polisie gewoonlik beter inligting as die plaaslike owerhede verstrek. Werkgewers in die onderskeie nywerhede was ook baie behulpsaam met die opsporing van nywerhede in hul omgewing.

'n Opname van werkgeleenthede in alle nywerhede (168), wat in die grensge= bieddistrikte van die Tswanatuisland aangetref is, is onderneem. Alle werkge= wers is deur 'n veldwerker besoek om die verlangde inligting (kyk Bylae vir vraelys) te bekom. Die opname in die Rosslynse grensgebied het gedurende Ju= nie 1970 en die res van die Tswanagrensgebiede gedurende Augustus 1970 plaas= gevind.

2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

Die klassifikasie van sekondêre nywerhede wat in die Tswanagrensgebiede aangetref is, is op die Standard Enterprise Classification Manual van die De= partement van Statistiek gebaseer.

In tabel 2.1 word die nywerhede volgens nywerheidsektore en ondernemings met hul vernaamste aktiwiteite verdeel.

TABEL 2.1

KLASSIFIKASIE VAN NYWERHEIDSEKTORE EN AKTIWITEITE VAN ONDERNEMINGS

| Nywerheidsektor | Aktiwiteit van ondernemings |
|---|---|
| Voedsel en tabak | Vervaardiging van botter, poeiermelk, vars room, ensovoorts |
| | Vervaardiging van lemoensap |
| | Graanmeulens vir die produsering van meel en bakkerye |
| | Abattoirs en produsering van veevoere |
| | Vervaardiging van Bantoebier |
| | Vervaardiging van koeldranke |
| | Verwerking van pyptabak |
| Tekstiel en leer | Verwerking van tekstiel en kleuring daarvan |
| | Vervaardiging van kouse en kleuring daarvan |
| | Vervaardiging van swaardiensrubbermatte |
| | Vervaardiging van pette |
| | Vervaardiging van leerprodukte |
| Hout | Saagmeulens, skaafwerk en ander houtwerk |
| | Vervaardiging van meubels en vaste toerusting hoofsaaklik van hout |
| Papier | Vervaardiging van papier vir verpakking en kar= tonne |
| | Drukkerye |
| Chemikalieë | Vervaardiging van seeppoeier |
| | Versilwering van metale |
| | Vervaardiging van plastiese pype en toebehore |
| Minerale (nie-metaal) | Vervaardiging van porselein en breekgoed |
| | Vervaardiging van strukturele kleiprodukte |
| | Vervaardiging van sement |
| | Vervaardiging van betonprodukte |
| Basiese metaal | Smelterye en gieterye |
| Metaal | Vervaardiging van strukturele (boukundige) me= taalprodukte |
| | Vervaardiging van metaalprodukte, uitgesluit masjinerie en toerusting |
| | Vervaardiging van landboumasjinerie en toerus= ting, uitgesluit trekkers |
| | Vervaardiging van masjinerie en toerusting |
| | Vervaardiging van industriële elektriese masji= nerie en toerusting |
| | Vervaardiging van droë batterye |
| | Vervaardiging van spoorwegtoerusting |
| | Vervaardiging van motorvoertuie |
| | Vervaardiging van kinderwaentjies |
| Ander | Verwerking van halfedelgesteentes |

2.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP

In tabel 2.2 word die getal werkgeleenthede volgens nywerheidsektor en bevolkingsgroep gegee.

21973

TABEL 2.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP

| Nywerheidsektor | | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Voedsel en tabak | N | 405 | 11,9 | 2458 | 18,4 | 2863 | 17,1 |
| | % | 14,2 | | 85,8 | | 100 | |
| Tekstiel en leer | N | 173 | 5,1 | 1742 | 13,0 | 1915 | 11,4 |
| | % | 9,0 | | 91,0 | | 100 | |
| Hout | N | 103 | 3,0 | 550 | 4,1 | 653 | 3,9 |
| | % | 15,8 | | 84,2 | | 100 | |
| Papier | N | 90 | 2,7 | 194 | 1,5 | 284 | 1,7 |
| | % | 31,7 | | 68,3 | | 100 | |
| Chemikalieë | N | 22 | 0,7 | 142 | 1,1 | 164 | 1,0 |
| | % | 13,4 | | 86,6 | | 100 | |
| Minerale (nie-metaal) | N | 541 | 15,9 | 2428 | 18,1 | 2969 | 17,7 |
| | % | 18,2 | | 81,8 | | 100 | |
| Basiese metaal | N | 22 | 0,7 | 115 | 0,9 | 137 | 0,8 |
| | % | 16,1 | | 83,9 | | 100 | |
| Metaal | N | 2037 | 59,9 | 5709 | 42,6 | 7746 | 46,1 |
| | % | 26,3 | | 73,7 | | 100 | |
| Ander | N | 7 | 0,2 | 50 | 0,4 | 57 | 0,3 |
| | % | 12,3 | | 87,7 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 3400 | 100 | 13388 | 100 | 16788 | 100 |
| | % | 20,3 | | 79,7 | | 100 | |

Van die 16 788 werkgeleenthede in die Tswanagrensgebiede is 3400 (20,3%) vir Blankes en 13 388 (79,7%) vir Nie-Blankes, dit wil sê vir elke werkgeleentheid vir 'n Blanke is daar 4 werkgeleenthede vir Nie-Blankes. Die meeste werkgeleenthede kom in die metaalnywerheid voor, naamlik 7746 (46,1%). Dit word gevolg deur die minerale nywerheid met 2969 (17,7%) werkgeleenthede en die voedsel- en tabaknywerheid met 2863 (17,1%) werkgeleenthede. In dieselfde volgorde word werkgeleenthede vir Blankes, naamlik 2037 (59,9%) 541 (15,9%) en 405 (11,9%) respektiewelik in die drie nywerheidsektore aangetref. Die volgorde verskil egter vir Nie-Blankes deurdat meer werkgeleenthede, naamlik 2458 (18,4%) in die nywerheidsektor voedsel en tabak as in die mineraleny=werheid, naamlik 2428 (18,1%) aángebied word. Waar die persentasie werkge=leenthede vir Blankes in die meeste nywerheidsektore wissel van 9,0 tot 18,2 persent is dit opvallend dat die persentasie werkgeleenthede vir Blankes in die papier- en metaalnywerhede onderskeidelik 31,7 en 26,3 persent is. Moont=like rede hiervoor is dat daar in albei hierdie nywerheidsektore meer werkge=leenthede vir ambagsmanne en professionele werkers as in die ander nywerheid=sektore is (kyk tabel 3.5). Die werkgeleenthede in die beroepsgroepe word deur arbeidswetgewing hoofsaaklik vir Blankes gereserveer.

## 2.2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIKTE EN NYWERHEIDSEKTOR

Die verdeling van werkgeleenthede volgens grensgebieddistrikte, nywer=heidsektor en bevolkingsgroep word in tabel 2.3 gegee. Die grensgebieddis=trikte is oor die algemeen dié waarvan die hoofdorp as grensgebied aanvaar word.

Dit is duidelik uit tabel 2.3 dat byna 60 persent (9961 of 59,3%) van die werkgeleenthede in die Rosslynse grensgebied voorkom. Die tweede meeste werkgeleenthede (1917 of 11,4%) kom in die Lichtenburgse grensgebied voor.

## 2.3 GROOTTE VAN NYWERHEDE IN TERME VAN WERKGELEENTHEDE

Die grootte van nywerhede in terme van die werkgeleenthede word in tabel 2.4 gegee.

TABEL 2.3

GETAL WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIKTE, NYWERHEIDSEKTOR EN BEVOLKINGSGROEP

| Nywerheidsektor | Rosslyn | | Rusten=burg | | Brits | | Thaba=simbi | | Marico | | Mafeking | | Delarey=ville | | Lichten=burg | | Kuruman | | Taung | | Vryburg | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B* | NB** | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | |
| Voedsel en tabak | | | 124 | 885 | 35 | 217 | 6 | 38 | 13 | 68 | 53 | 237 | 10 | 53 | 71 | 334 | 17 | 68 | 10 | 60 | 66 | 498 | 2863 |
| Tekstiel en leer | 115 | 924 | 35 | 356 | | | | | | | | | | | 4 | 138 | | | 15 | 196 | 4 | 128 | 1915 |
| Hout | 63 | 435 | 6 | 6 | 7 | 30 | | | | | | | | | 25 | 76 | | | | | 2 | 3 | 653 |
| Papier | 21 | 130 | 21 | 8 | 18 | 4 | | | | | 13 | 39 | | | 10 | 5 | | | | | 7 | 8 | 284 |
| Chemikalieë | 22 | 142 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 164 |
| Minerale (nie-metaal) | 121 | 1048 | 9 | 38 | 3 | 64 | | | 119 | 411 | | | 1 | 20 | 288 | 847 | | | | | | | 2969 |
| Basiese metaal | 2 | 25 | 13 | 60 | 7 | 30 | | | | | | | | | | | | | | | | | 137 |
| Metaal | 1791 | 5101 | 57 | 128 | 55 | 163 | | | | | 1 | 29 | 32 | 117 | 42 | 77 | | | 3 | 12 | 56 | 82 | 7746 |
| Ander | 2 | 19 | | | | | | | | | | | | | | | 5 | 31 | | | | | 57 |
| TOTAAL | 2137 | 7824 | 265 | 1481 | 125 | 508 | 6 | 38 | 132 | 479 | 67 | 305 | 43 | 190 | 440 | 1477 | 22 | 99 | 28 | 268 | 135 | 719 | 16788 |
| % | 12,7 | 46,6 | 1,6 | 8,8 | 0,8 | 3,0 | 0,04 | 0,2 | 0,8 | 2,9 | 0,4 | 1,8 | 0,3 | 1,1 | 2,6 | 8,8 | 0,1 | 0,6 | 0,2 | 1,6 | 0,8 | 4,3 | 100 |

* B = Blank  **NB = Nie-Blank

TABEL 2.4

GROOTTE VAN NYWERHEDE IN TERME VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

| Werkgeleenthede | Getal nywerhede | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voedsel en tabak | Tekstiel en leer | Hout | Papier | Chemi=kalieë | Minerale (nie-metaal) | Basiese metaal | Metaal | Ander | Totaal N | % |
| 1 - 9 | 6 | | 3 | 3 | | 2 | | 9 | | 23 | 13,7 |
| 10 - 19 | 17 | 1 | 4 | 3 | 1 | 1 | | 7 | | 34 | 20,2 |
| 20 - 39 | 12 | 1 | 3 | | 2 | 2 | 2 | 11 | 2 | 35 | 20,8 |
| 40 - 59 | 8 | 2 | | 1 | | 1 | | 12 | | 24 | 14,3 |
| 60 - 99 | 3 | 5 | 2 | | 1 | 1 | 1 | 3 | | 16 | 9,5 |
| 100 - 199 | 5 | 3 | 2 | 1 | | | | 7 | | 18 | 10,7 |
| 200 - 399 | 1 | 3 | | | | 1 | | 3 | | 8 | 4,8 |
| 400 - 699 | 1 | | | | | 4 | | 3 | | 8 | 4,8 |
| 700+ | | | | | | | | 2 | | 2 | 1,2 |
| TOTAAL | 53 | 15 | 14 | 8 | 4 | 12 | 3 | 57 | 2 | 168 | 100 |
| % | 31,6 | 8,9 | 8,3 | 4,8 | 2,4 | 7,1 | 1,8 | 33,9 | 1,2 | 100 | |

In die 700-plus-werkgeleentheidsgroep is daar slegs twee nywerhede, albei in die metaalsektor. Albei die nywerhede, wat in die motornywerheid is, het meer as duisend werkgeleenthede. Meer as drie kwart (132 of 78,6%) van die nywerhede het minder as 100 werkgeleenthede waarvan die meeste (46) in die nywerheidsektor voedsel en tabak voorkom. Hiervan is die meeste bakkerye, wat gemiddeld 'n lae indiensnemingsyfer het. Die meeste nywerhede (57 of 33,9%) kom in die metaalnywerheid voor.

## 3 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

Die basis vir die indeling van beroepe, soos in die Tswanagrensgebiede aangetref is, word in tabel 3.1 volgens hoofberoepsgroepe, beroepsgroepe en beroepe gegee.

TABEL 3.1

BEROEPE AANGETREF IN DIE TSWANAGRENSGEBIEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

| Hoofberoepsgroep (hoofletters) beroepsgroep (kleinletters) | Beroepe aangetref in die Tswanagrens=gebiede |
|---|---|
| PROFESSIONELE WERKERS | |
| Ingenieurs en verwante beroepe | Ingenieur |
| Verpleegsters en verwante beroepe | Verpleegster, hulpverpleegster |
| Tegnici en tegniese assistente | Tegnikus (tekenaar, ingenieurstegnikus, laboratoriumtegnikus, ander) tegniese assistent, landbouvoorligter, vleisin=spekteur, katoen- en roomgradeerder |
| Rekenmeesters | Rekenmeester |
| Kunstenaars | Ontwerpkunstenaar, joernalis |
| BESTURENDE EN UITVOERENDE WERKERS | |
| Bestuurders en werkende eienaars | Sekretaris, bestuurder, werkende eie=naar, tegniese bestuurder, verkoopsbe=stuurder, personeelbestuurder, finansië=le bestuurder en beplanningsbestuurder |
| KLERKLIKE WERKERS | |
| Boekhouers | Boekhouer, rekenmeester (nie geregis=treerd) |
| Tiksters | Tikster |
| Kantoormasjienbedieners | Kantoormasjienbediener |
| Klerke | Klerk (algemeen), skakelbeampte |
| VERKOOPS- EN VERWANTE WERKERS | |
| Handelsreisigers, kopers | Handelsreisiger, koper |
| Toonbankassistente | Toonbankassitent |
| VERVOERWERKERS | |
| Spoorvervoerwerkers | Treindrywer |
| Padvervoerwerkers | Bestuurder (bus, motor, vragmotor, ensovoorts) |
| Ander kommunikasiewerkers | Bode |
| WERKERS IN DIENSHOEDANIGHEID | |
| Polisie en verwante werkers | Veiligheidsbeampte, nagwag |
| Hotel- en verwante werkers | Kroegman |
| Diverse werkers | Opsigter |
| AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE | |
| Ambagsmanne<br>Vakleerlinge<br>Ongekwalifiseerde ambagsmanne | Gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde am=bagsmanne in die volgende ambagte: |

| | |
|---|---|
| | (a) Elektriese en werktuigkundige ambagte<br>Smid, passer en draaier, sweiser, elek= trisiën, motorwerktuigkundige, paneel= klopper, verfsproeier, ketelmaker, ge= reedskapmaker |
| | (b) Bou- en meubelambagte<br>Bouer, skrynwerker, loodgieter, meubel= maker, faktotum (gekwalifiseerd) |
| | (c) Ander ambagte<br>Drukker, setter, bakker, botter- en kaasmaker, meulenaar, wewer, ambagsvoor= man, klipslyper, lettersnyer, grafsteen= oprigter, werkswinkelbestuurder, fakto= tum (nie-gekwalifiseerd), boekbinder |
| VOORMANNE EN TOESIGHOUERS<br>Voormanne en toesighouers | Voorman, toesighouer |
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WER= KERS<br>Operateurs en halfgeskooldes | Hyskraanoperateur, trekkerdrywer, masjienoperateur, halfgeskoolde werker, ingenieur-, ambags- en industriële assis= tent |
| ARBEIDERS<br>Arbeiders | Arbeider |

Normaalweg word die voormanne en toesighouers onder operateurs en halfge= skoolde werkers geklassifiseer, maar weens hulle belangrikheid as eerstevlak= toesighouers word hulle in hierdie verslag afsonderlik behandel.

## 3.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

Die werkgeleenthede volgens beroepsgroep en bevolkingsgroep word in tabel 3.2 gegee.

TABEL 3.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN BEVOLKINGSGROEP

| Beroepsgroep | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 232 | 6,8 | 23 | 0,2 | 255 | 1,5 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 328 | 9,7 | 1 | 0,01 | 329 | 2,0 |
| Klerklike werkers | 785 | 23,1 | 286 | 2,1 | 1071 | 6,4 |
| Verkoops- en verwante werkers | 117 | 3,4 | | | 117 | 0,7 |
| Vervoerwerkers | 19 | 0,6 | 343 | 2,6 | 362 | 2,2 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 33 | 1,0 | 142 | 1,1 | 175 | 1,0 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 1121 | 33,0 | 830 | 6,2 | 1951 | 11,6 |
| Voormanne en toesighouers | 297 | 8,7 | 212 | 1,6 | 509 | 3,0 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 433 | 12,7 | 2500 | 18,7 | 2933 | 17,5 |
| Arbeiders | 35 | 1,0 | 9051 | 67,6 | 9086 | 54,1 |
| TOTAAL | 3400 | 100 | 13388 | 100 | 16788 | 100 |
| % | 20,3 | | 79,7 | | 100 | |

Meer as die helfte van die werkgeleenthede (54,1%) is vir arbeiders. Werkgeleenthede in die beroepsgroepe ambagsmanne en vakleerlinge, operateurs en halfgeskoolde werkers en arbeiders maak 83,2 persent van die werkgeleenthe= de uit.

In die beroepsgroepe operateurs en halfgeskoolde werkers en arbeiders is daar 468 (13,8%) werkgeleenthede vir Blankes teenoor 11 551 (86,3%) werkgeleenthede vir Nie-Blankes. Daar is meer Blanke as Nie-Blanke voormanne en toesighouers, naamlik 297 teenoor 212. Die feit dat daar al 212 Nie-Blankes is wat as eerstevlaktoesighouers werk,is egter noemenswaardig, omdat die meeste van sulke poste voorheen deur Blankes gevul is. Die 23 werkgeleenthede vir Nie-Blankes in die professionele beroepsgroep, is hoofsaaklik poste vir laboratoriumassistente. Van die 1071 klerklike werkgeleenthede is 785 (73,3%) vir Blankes en 286 (26,7%) vir Nie-Blankes. Ook die feit dat daar reeds 830 Nie-Blankeposte wat werkgewers as ambagsmanne en vakleerlinge aandui bestaan, is noemenswaardig.

## 3.2 MANNEKRAGTEKORTE

Die totale getal werkgeleenthede word volgens beroepsgroep, gevulde en ongevulde poste in tabel 3.3 gegee.

TABEL 3.3

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP, GEVULDE EN ONGEVULDE POSTE

(a) Blank

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Werkgeleentehede | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 218 | 94,0 | 14 | 6,0 | 232 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 325 | 99,1 | 3 | 0,9 | 328 | 100 |
| Klerklike werkers | 769 | 98,0 | 16 | 2,0 | 785 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | 116 | 99,2 | 1 | 0,8 | 117 | 100 |
| Vervoerwerkers | 19 | 100,0 | | | 19 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 32 | 97,0 | 1 | 3,0 | 33 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 1017 | 90,7 | 104 | 9,3 | 1121 | 100 |
| Voormanne en toesighouers | 295 | 99,3 | 2 | 0,7 | 297 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 414 | 95,6 | 19 | 4,4 | 433 | 100 |
| Arbeiders | 25 | 71,4 | 10 | 28,6 | 35 | 100 |
| TOTAAL | 3230 | 95,0 | 170 | 5,0 | 3400 | 100 |

(b) Nie-Blanke

| Beroepsgroep | Gevulde poste | | Ongevulde poste | | Werkgeleentehede | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | 23 | 100,0 | | | 23 | 100 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 100,0 | | | 1 | 100 |
| Klerklike werkers | 274 | 95,8 | 12 | 4,2 | 286 | 100 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | | |
| Vervoerwerkers | 339 | 98,8 | 4 | 1,2 | 343 | 100 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 142 | 100,0 | | | 142 | 100 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 805 | 97,0 | 25 | 3,0 | 830 | 100 |
| Voormanne en toesighouers | 212 | 100,0 | | | 212 | 100 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 2325 | 93,0 | 175 | 7,0 | 2500 | 100 |
| Arbeiders | 8803 | 97,3 | 248 | 2,7 | 9051 | 100 |
| TOTAAL | 12924 | 96,5 | 464 | 3,5 | 13388 | 100 |

Die getal ongevulde poste weerspieël die mannekragtekorte wat ondervind word. Die mannekragtekort vir Blankes is hoër (5,0%) as vir die Nie-Blankes (3,5%). As persentasie van die werkgeleentheid in 'n beroepsgroep is die grootste tekort vir Blankes in die beroepsgroep arbeiders (28,6%) gevolg deur die groep ambagsmanne en vakleerlinge (9,3%). 'n Aansienlike persentasie (6,0%) tekorte word ook in die professionele beroepsgroep ondervind. Die grootste Blankemannekragtekort (104 of 9,3% van alle tekorte) kom egter in die beroepsgroep ambagsmanne en vakleerlinge voor. Tekorte in hierdie beroepsgroep word landswyd ondervind. In die Mannekragopname no. 8 van die Departement van Arbeid van 30 April 1969 blyk die tekorte vir Blankes in die beroepsgroep 8,2

persent te wees. Vir dié Nie-Blankes is die mannekragtekorte in die beroeps= groep arbeiders die grootste, naamlik 248 uit 464 of 53,5 persent van alle tekorte. Die grootste relatiewe tekorte kom egter in die beroepsgroep opera= teurs en halfgeskoolde werkers (7,0%) gevolg deur dié in die beroepsgroep klerklike werkers (4,2%) voor.

Terwyl ongeveer 60 persent van alle werkgeleenthede in die Tswanagrensge= biede in die Rosslynse gebied (kyk tabel 2.3) voorkom, kom slegs 289 van die 634 ongevulde poste (45,6%) daar voor. Hiervolgens blyk dat arbeid geredeli= ker in Rosslyn as in die res van die Tswanagrensgebiede bekombaar is.

Die Federated Chamber of Industries het in 'n landswye opname wat hulle gemaak het die totale Blanketekorte op 5,9 persent en die Nie-Blanketekorte op 4,3 persent geraam (2, bl. 9). Indien hierdie gegewens aanvaar word, is die mannekragtekorte in die Tswanagrensgebiede laer as die gemiddelde vir die Republiek.

## 3.3 GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG

In tabel 3.4 word die gevulde poste volgens beroepsgroep, bevolkingsgroep en geslag, aangedui.

TABEL 3.4

GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP, BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG

(a) Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 210 | 7,5 | 8 | 1,9 | 218 | 6,8 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 316 | 11,3 | 9 | 2,1 | 325 | 10,1 |
| Klerklike werkers | 404 | 14,4 | 365 | 85,5 | 769 | 23,8 |
| Verkoops- en verwante werkers | 98 | 3,5 | 18 | 4,2 | 116 | 3,6 |
| Vervoerwerkers | 19 | 0,7 | | | 19 | 0,6 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 27 | 1,0 | 5 | 1,2 | 32 | 1,0 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 1005 | 35,9 | 12 | 2,8 | 1017 | 31,5 |
| Voormanne en toesighouers | 288 | 10,3 | 7 | 1,6 | 295 | 9,1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 412 | 14,7 | 2 | 0,5 | 414 | 12,8 |
| Arbeiders | 24 | 0,9 | 1 | 0,2 | 25 | 0,8 |
| TOTAAL | 2803 | 100 | 427 | 100 | 3230 | 100 |
| % | 86,8 | | 13,2 | | 100 | |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 22 | 0,2 | 1 | 0,1 | 23 | 0,2 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 0,01 | | | 1 | 0,01 |
| Klerklike werkers | 256 | 2,3 | 18 | 1,2 | 274 | 2,1 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | | | |
| Vervoerwerkers | 339 | 3,0 | | | 339 | 2,6 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 142 | 1,3 | | | 142 | 1,1 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 776 | 6,8 | 29 | 1,9 | 805 | 6,2 |
| Voormanne en toesighouers | 209 | 1,8 | 3 | 0,2 | 212 | 1,6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 2031 | 17,9 | 294 | 19,0 | 2325 | 18,0 |
| Arbeiders | 7599 | 66,8 | 1204 | 77,7 | 8803 | 68,1 |
| TOTAAL | 11375 | 100 | 1549 | 100 | 12924 | 100 |
| % | 88,0 | | 12,0 | | 100 | |

In tabel 3.4 blyk dat daar nie veel verskil in die verhouding van manlik tot vroulike werkgeleenthede vir Blankes teenoor dié vir Nie-Blankes is nie.

Die 256 werkgeleenthede vir Nie-Blanke manlikes as klerklike werkers teenoor die 18 vroulike werkers beteken dat die werkgewers voorkeur aan manli=

kes bo vroulikes gee, terwyl daar vir Blankes in verhouding meer werkgeleenthede vir vroulikes (85,5%) as vir manlikes (14,4%) is. Feitlik al die werkgeleenthede vir Nie-Blanke vroulikes (96,7%) word in die beroepsgroepe operateurs en halfgeskoolde werkers en arbeiders aangetref, terwyl 365 (85,5%) werkgeleenthede vir Blanke vroulikes in die beroepsgroep klerklike werkers is.

Die 18 Blanke vroulike werkers in die beroepsgroep verkoops- en verwante werkers is hoofsaaklik verkoopswerkers in die bakkerybedryf. Die twaalf werkgeleenthede vir Blanke vroulikes in die beroepsgroep ambagsmanne en vakleerlinge is vir boekbinders, terwyl die 29 werkgeleenthede vir Nie-Blanke vroulikes vir ankerwikkeling is.

## 3.4 WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR

Werkgeleenthede word in tabel 3.5 volgens beroepsgroep en nywerheidsektor gegee.

Tabel 3.5 toon dat die beroepstruktuur in die verskillende nywerheidsektore baie van mekaar verskil. Die verskeidenheid in die beroepstrukture toon dat die vaardigheidsamestelling van die arbeidsmag, soos weerspieël deur die beroepssamestelling, van nywerheidsektor tot nywerheidsektor verskil. Sommige sektore is klaarblyklik, indien die persentasie arbeiders as norm geneem word, meer arbeidsintensief as ander. Hier kan veral die voedsel- en tabak-, hout-, chemikalieë-, minerale en basiese metaalnywerhede genoem word. In al dié nywerheidsgroepe is die persentasie arbeiders hoër as 70 persent.

## 4 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE

Die term "kwalifikasievereiste" dui op die minimum kwalifikasie, soos deur die werkgewers vereis, waaroor 'n aspirant-werknemer moet beskik om in 'n pos aangestel te word. Kwalifikasie verwys ook hoofsaaklik na die peil van formele opleiding wat bereik moet word. Wat ambagsmanne betref word die opleiding as ambagsman dus nie in berekening gebring nie, alhoewel die opleiding in die spesifieke ambagsrigting natuurlik vereis word. Werkgewers is gevra om ook die ideale kwalifikasie waaroor 'n werknemer moet beskik, aan te dui. Die reaksie op hierdie vraag was egter so swak dat daar nie oor gerapporteer word nie.

## 4.1 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE EN BEVOLKINGSGROEP

Die werkgeleenthede volgens kwalifikasievereiste en bevolkingsgroep word in tabel 4.1 gegee.

Volgens tabel 4.1 word geen kwalifikasievereiste by 0,5 persent van die werkgeleenthede vir Blankes en 75,7 persent van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes gestel. Ongespesifiseerde kwalifikasie of ervaring word vir 6,2 persent van die werkgeleenthede vir Blankes en 7,6 persent vir Nie-Blankes gestel. In die meeste gevalle word slegs vorige ervaring vir hierdie poste vereis. Vir 3172 (93,3%) van die werkgeleenthede vir Blankes word wel 'n kwalifikasievereiste gestel, ten opsigte waarvan die meeste persone (1615 of 47,5%) in die st.8- tot st.9-kategorie val (skolasties en/of met beroepskwalifikasie). Hierteenoor is daar 2238 (16,7%) werkgeleenthede vir Nie-Blankes met 'n kwalifikasievereiste. Die 85 werkgeleenthede met 'n B-graadvereiste is almal vir Blankes. Dit blyk verder dat daar min werkgeleenthede vir Nie-Blankes met 'n kwalifikasievereiste hoër as st.9 is. Dit kan ook wees dat die aanbod van Nie-Blanke werkers met die kwalifikasievereiste nie hoog is nie.

TABEL 3.5

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR

| Beroepsgroep | Nywerheidsektor | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voedsel en tabak | | Tekstiel en leer | | Hout | | Papier | | Chemikalieë | | Minerale (nie-metaal) | | Basiese metaal | | Metaal | | Ander | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 28 | 1,0 | 24 | 1,3 | 3 | 0,5 | 6 | 2,1 | 2 | 1,2 | 46 | 1,6 | 1 | 0,7 | 145 | 1,9 | | | 255 | 1,5 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 70 | 2,5 | 39 | 2,0 | 20 | 3,1 | 14 | 4,9 | 5 | 3,1 | 32 | 1,1 | 4 | 2,9 | 142 | 1,8 | 3 | 5,3 | 329 | 2,0 |
| Klerklike werkers | 157 | 5,5 | 71 | 3,7 | 12 | 1,8 | 31 | 10,9 | 9 | 5,5 | 175 | 5,9 | 3 | 2,2 | 612 | 7,9 | 1 | 1,8 | 1071 | 6,4 |
| Verkoops- en verwante werkers | 38 | 1,3 | 2 | 0,1 | 6 | 0,9 | 1 | 0,4 | | | 6 | 0,2 | | | 63 | 0,8 | 1 | 1,8 | 117 | 0,7 |
| Vervoerwerkers | 93 | 3,2 | 40 | 2,1 | 1 | 0,2 | 11 | 3,9 | 4 | 2,4 | 59 | 2,0 | | | 154 | 2,0 | | | 362 | 2,2 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 10 | 0,4 | 33 | 1,7 | | | | | 2 | 1,2 | 10 | 0,3 | | | 120 | 1,6 | | | 175 | 1,0 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 73 | 2,6 | 44 | 2,3 | 75 | 11,5 | 67 | 23,6 | 3 | 1,8 | 189 | 6,4 | 14 | 10,2 | 1485 | 19,2 | 1 | 1,8 | 1951 | 11,6 |
| Voormanne en toesighouers | 38 | 1,3 | 60 | 3,1 | 10 | 1,5 | 36 | 12,7 | 9 | 5,5 | 71 | 2,4 | | | 284 | 3,7 | 1 | 1,8 | 509 | 3,0 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 316 | 11,0 | 750 | 39,2 | 3 | 0,5 | 24 | 8,5 | | | 292 | 9,8 | | | 1519 | 19,6 | 29 | 50,9 | 2933 | 17,5 |
| Arbeiders | 2040 | 71,3 | 852 | 44,5 | 523 | 80,1 | 94 | 33,1 | 130 | 79,3 | 2089 | 70,4 | 115 | 83,9 | 3222 | 41,6 | 21 | 36,8 | 9086 | 54,1 |
